# LAERSKOOL RYNFIELD

# NASKOOLSENTRUMBELEID

## INLEIDING

Die Naskoolsentrum is 'n diens aan die ouers wat deur Laerskool Rynfield ingestel is en bedryf word. Dit bied die ouer/ouers wat voldag werk die gemoedsrus om te weet – my kind is versorg, huiswerk is gedoen, buitemuurse aktiwiteite is beoefen en sosialisering met portuurgroep vind plaas.

## ONS MISSIE

- Om 'n naskoolsentrum te bied wat aan al LAERSKOOL RYNFIELD se vereistes voldoen en dan ook te dien as 'n aansporing vir alle ouers om hulle kinders met vertroue by ons skool in te skryf.
- Ons strewe daarna om alle leerders van die Naskoolsentrum met liefde en aandag te behandel (tweede ouerhuis).
- Om 'n bekende en veilige plek te bied waar huiswerk onder toesig gedoen kan word.
- Dissipline en beheer te handhaaf tot voordeel van alle leerders en personeel.

## SKOOLBELEIDE

Bywoning van die naskool vir alle leerders is dan eerstens onderhewig aan LAERSKOOL RYNFIELD se skoolbeleide en tweedens aan die NASKOOLSENTRUMBELEID en reëls soos geldig van tyd tot tyd.

Ouerbydrae op skoolfonds moet op datum betaal wees vir naskooltoelating.

Toesighouers en personeel van die naskoolsentrum is ook onderhewig aan LAERSKOOL RYNFIELD se skoolbeleide.

## 1. NASKOOLTYE

### 1.1. GEDURENDE SKOOLTERMYNE:

| GRAAD | TYE |
|---|---|
| GRAAD 1 | 13:00 – 17:30 |
| GRAAD 2 – 3 | 13:30 – 17:30 |
| GRAAD 4 – 7 | 13:50 – 17:30 |

### 1.2. GEDURENDE SKOOLVAKANSIES: **(Desember uitgesluit)**

| GRAAD | TYE |
|---|---|
| GRAAD 1 – 7 | 07:00 – 17:30 |

### 1.3. PUBLIEKE VAKANSIEDAE EN SPESIALE SKOOLVAKANSIEDAE:

**NASKOOL IS GESLUIT OP HIERDIE DAE.**

## 2. VAKANSIES

2.1. Die naskool is gedurende die volgende vakansies daagliks (Maandae – Vrydae) oop:

**(PUBLIEKE VAKANSIEDAE EN SPESIALE SKOOLVAKANSIEDAE UITGESLUIT)**

| VAKANSIE | TYE |
|---|---|
| MAART/APRIL | 07:00 – 17:30 |
| JUNIE/JULIE | 07:00 – 17:30 |
| SEPTEMBER/OKTOBER | 07:00 – 17:30 |

2.2. Geen ekstra kostes is hieraan verbonde nie.

2.3. Die naskool is gedurende die **DESEMBER** skoolvakansie **GESLUIT**.

(Sluit die dag vóór rapporte uitgaan in Desember.)

## 3. DAAGLIKSE ROETINE:

3.1. Gedurende skooltermyn:

| | |
|---|---|
| 13:00 | Graad 1 leerders word vanaf klasse vergesel. Hulle verklee en tree aan vir ete. |
| 13:30 | Graad 2 & 3 leerders word vanaf klasse vergesel. Hulle verklee en tree aan vir ete. |
| 13:50 | Graad 4 – 7 leerders tree buite sentrum aan. Hulle verklee en tree aan vir ete. |
| 14:00 – 15:30 | Graad 1 – 3 leerders: Huiswerksessie |
| 14:30 – 15:30 | Graad 4 – 7 leerders: Huswerksessie |
| 15:30 – 16:00 | Vrugtetyd |
| 16:00 – 17:30 | ONTSPAN! |

L.W. – Leerders wat gedurende huiswerksessies buite-muurse aktiwiteite beoefen , mag vanaf 16:00 – 17:00 in die sentrum gaan huiswerk doen.

Leerders wat direk na skool buitemuurse aktiwiteite het, moet personeel inlig daarvan en hul ete bestel. Hulle ontvang hul ete sodra hulle aanmeld by die sentrum.

3.2. Gedurende vakansietye:

Ontbyt, middagete, vrugte en sap word daagliks bedien.

Leerders speel speletjies en mag speelgoed bring.

## 4. ADMINISTRASIE EN TOESIG

4.1. Die dag tot dag verantwoordelikhede en administrasie van die Naskoolsentrum word deur die Naskoolhoof behartig.

4.2. Die Naskoolsentrum maak gebruik van Beheerliggaamaangestelde personeel vir toesig en ander administrasie.

## 5. INSKRYWING EN FOOIE

5.1. Ouer/ouers moet alle nodige aansoekvorms/inskrywingsvorms voltooi voordat enige leerder die Naskoolsentrum mag bywoon. Dit sluit toepaslike vrywaringsvorms in.

5.2. Die fooie per leerder beloop 'n vasgestelde bedrag soos deur die Beheerliggaam van Laerskool Rynfield bepaal en word jaarliks aangepas. Die bedrag is maandeliks **vooruitbetaalbaar** oor 11 maande.

5.3. Registrasiefooi per leerder word jaarliks eenmalig gehef, met inskrywing.

5.4. Die maandelikse fooi is ten volle betaalbaar hetsy die leerder die Naskoolsentrum bywoon al dan nie en totdat die bywoning van die leerder gekanselleer is, soos hierin aangedui (Sien punt 12 onder.)

5.5. Die fooi is vooruitbetaalbaar by Laerskool Rynfield Finansieskantoor of per EFT voor die 7de dag van elke maand.

5.6. Indien daar enige agterstallige gelde verhaal moet word sal die ouer/ouers ook aanspreeklik wees vir die betaling van alle regskoste insluitende kostes aan 'n prokureur op prokureur en eie klient skaal.

5.7. 'n Boete per halfuur of gedeelte van elke halfuur sal teen die rekening gehef word indien die ouer/ouers ná 17:30 arriveer om leerders te kom haal op enige dag.

5.8. 'n Herhalende patroon van laat afhaal of laatkom kan, na behoorlike skriftelike waarskuwing en beoordeling deur die bestuur, tot die weiering of beëindiging van naskooldienste lei.

5.9. Verpligte tye vir huiswerk /studies sal gedurende skooltermyne onder toesig gedoen word soos in 3.1 hierbo. L.W. Nie individuele onderrig nie, slegs toesig, beheer en kontrole. Hulp sal wel verleen word. Voorsiening word gemaak vir leerders wat aan sport en/of kultuuraktiwiteite deelneem. Hierdie leerders kan later huiswerk in die sentrum doen. Huiswerk word slegs gekontroleer. Dit bly die ouer se verantwoordelikheid om die huiswerk na te gaan vir korrektheid.
Lees word slegs stil geoefen nadat huiswerk voltooi is. Personeel bied nie enige hulp met lees nie - leerders moet by die huis vir hul ouers lees.

5.10. Leerders ontspan onder toesig buite (weersomstandighede in ag geneem) sodra die huiswerksessie verstreke is.

## 6. VOEDING

6.1. Die Naskoolsentrum sal daagliks 'n ligte maaltyd asook 'n ligte versnappering teen 16:00 aan die leerders voorsien. Die voedsel sal deurlopend deur die Naskoolhoof gekontroleer word vir die gehalte en kwaliteit daarvan.

6.2. Tensy vermeld in die persoonlike besonderhede in die aansoek/inskrywingsvorm waarborg die ouer/ouers dat die leerder nie vir enige voedsel allergies is nie.

6.3. Die Naskoolsentrum voorsien nie in spesiale dieetvereistes vir leerders nie, ongeag die aard of oorsprong van sodanige vereistes (insluitend mediese, gosdienstige of enige ander redes). Ouers is verantwoordelik om alle nodige etes, peuselhappies en dieetspesifieke produkte vir hul kind te voorsien.

## 7. SEKURITEIT

7.1 Die naskool streef om toesig en 'n veilige omgewing vir elke leerder te bied. Daarom het ons die volgende sekuriteitsmaatreëls in plek gestel:

7.2 Die hek by die Naskoolsentrum is toegerus met 'n gesigsherkenningstelsel. Ouers moet hul gesigte toon om toelating tot die sentrum te verkry. Dieselfde stelsel geld wanneer ouers die sentrum verlaat. Hierdie stelsel hou dus elektronies bewys deur wie en ook wanneer 'n leerder kom haal is.

7.3 Indien die persoon se gesig nie op die stelsel geregistreer is nie, sal die persoon nie toelating tot die sentrum verkry nie.

7.4 Geen leerder mag van die Naskoolsentrum afgehaal word deur enige persoon behalwe sy/haar ouer/ouers tensy die ouer/ouers die Naskoolsentrum skriftelik in kennis gestel het dat 'n ander persoon die leerder sal kom haal. Hierdie persoon moet dan ook 'n geheime kode aan die sekuriteitswag deurgee wat móét ooreenstem met die kode wat die naskool op skrif het, alvorens die sekuriteit hulle toegang tot die sentrum gee. Daar is dan 'n spesiale uittekenregister waarop leerders uitgeteken moet word deur hierdie gemagtigde persoon.

**7.5 DIE NASKOOLSENTRUM IS NIE VERANTWOORDELIK AS NASKOOLSENTRUMLEERLINGE DIE SKOOLTERREIN ONWETTIG VERLAAT NIE.**

## 8. TOESIG

8.1. Dit is die ouers se verantwoordelikheid om die naskool in kennis te stel indien die leerder nie die naskool sal bywoon nie hetsy dit siekte of enige ander rede is.

8.2. Alle leerders is verplig om huiswerkklasse/studieklasse soos hierbo in 3.1 by te woon, tensy deelname aan ander goedgekeurde aktiwiteite geskied waarby leerders dan onder ander toesig sal val.

8.3. Alle leerders moet eers by die Naskoolsentrum aanmeld voordat hulle aan ander goedgekeurde aktiwiteite mag deelneem.

8.4. Geen leerders mag sonder toesig in klaskamers wees na voltooiing van huiswerk nie.

8.5. Die Naskoolsentrum en sy personeel sal poog om na die beste van hul vermoë alle voorsorg te tref teen beserings, ongelukke of siektes van welke aard ookal op die naskoolsentrumterrein.

8.6. Namens die ouer/ouers, regsverkrygendes, erfgename en eksekuteurs, word Laerskool Rynfield en die Naskoolsentrum, hul beamptes en werknemers deur die ouer/ouers gevrywaar van enige aanspreeklikheid vir en ten opsigte van enige skade, diefstal en of nalatigheid van enige aard ookal en enige regsuitgawes of kostes en of skade wat mag voortspruit uit enige eis as gevolg van die dood van, of siekte of besering en of skade wat deur die leerder opgedoen mag word tydens die leerder se bywoning van die Naskoolsentrum.

## 9. PERSOONLIKE BESITTINGS

9.1. Alle besittings en klere moet deeglik en sigbaar gemerk word.

9.2. Geen aanspreeklikheid van welke aard ookal word aanvaar vir die verlies, beskadiging of vernietiging van enige persoonlike besittings wat ookal die oorsaak van sodanige skade mag wees nie. Dit is ook nie die verantwoordelikheid van toesighouers om verlore items te soek nie.

9.3. **GEEN SELFONE WORD BY DIE NASKOOL TOEGELAAT NIE.** Hierdie besluit is geneem om die volgende redes:

- Selfone trek leerders se aandag van hul huiswerk en leeraktiwiteite af.
- Die gebruik van selfone dra dikwels by tot onvanpaste gedrag.
- Die gebruik van selfone dra dikwels by tot blootstelling aan ongewenste inhoud.
- **Geestesgesondheid – minder skermtyd, minder druk, meer vreugde.**
- Om 'n veilige, gefokusde leeromgewing vir alle leerders te handhaaf.
- Sonder selfone kan sosiale interaksie verbeter.

9.4. Die ouer/ouers sal die leerder voorsien van speelklere ten einde die leerder se skoolklere te beskerm.

## 10. MEDIESE SORG

10.1 Die ouer/ouers dra hiermee uitdruklik sy/hul magte as ouer/ouers/voog oor aan die Naskoolsentrum met betrekking tot enige mediese behandeling van welke aard ookal wat vir die leerder mag nodig wees tydens bywoning van die Naskoolsentrum en volgens die Naskoolsentrum se absolute diskresie.

10.2 Die ouer/ouers bevestig hiermee, behalwe soos vervat in al die persoonlike besonderhede van die die aansoek/inskrywingsvorm, dat die leerder nie enige allergieë, geneigdheid tot abnormale bloeding of enige gesondheidsafwykings van enige aard het nie.

10.3 Die ouer/ouers is verantwoordelik om die Naskoolsentrum skriftelik in kennis te stel indien die leerder enige medikasie hoegenaamd gebruik. Die ouer/ouers onderneem om die Naskoolsentrum skriftelik in kennis te stel wat die dosering en uitwerking van sodanige medikasie is. Die ouer/ouers onderneem om persoonlik toe te sien dat die medikasie aan die betrokke Naskoolpersoneellid oorhandig word, waarna die personeellid sal toesien dat die verlangde dosis medikasie volgens voorskrif toegedien word.

10.4 Nog die skool en/of Naskoolsentrum, sal enigsins verantwoordelikheid aanvaar indien die leerder weens verkeerde en/of oordosering van medikasie siek word of sterf.

10.5 Die ouer/ouers is verantwoordelik om op aanvraag alle mediese en hospitalisasierekeninge van watter aard ookal te betaal indien enige mediese versorging van die leerder nodig mag blyk soos hierin vermeld.

## 11. DISSIPLINESTELSEL

11.1 Die Naskoolsentrum volg 'n streng dissiplinestelsel. Die dissiplinestelsel is ingestel om 'n veilige, ordelike en positiewe omgewing te skep waar alle leerders met respek behandel word en optimale ondersteuning ontvang.

11.2 Die dissiplinestelsel het ten doel om:

- Goeie gedrag, selfdissipline en verantwoordelikheid by leerders te bevorder.
- Konsekwentheid en regverdigheid in die hantering van gedrag te verseker.
- Die veiligheid en welstand van alle leerders en personeel te bevorder.
- 'n Leer-en speelomgewing te handhaaf waar elke kind floreer.

## 12. BEëINDIGING

12.1 Die voorwaardes en reëls hierin (en ingelyks die leerder se bywoning van die Naskoolsentrum) mag slegs beëindig word indien:

12.1.1 die ouer/ouers die Naskoolsentrum 1(een) kalendermaand voorafgaande skriftelike kennis gee dat die leerder nie meer die Naskoolsentrum sal bywoon nie; of

12.1.2 deur die Naskoolsentrum (onmiddelik en sonder kennisgewing) indien:

1. Die ouer/ouers nie enige gelde hierkragtens betaalbaar stiptelik op die betaaldag betaal nie;

   of

2. Die ouer/ouers of die leerder enige voorwaardes of regulasies hiervan nie stiptelik nakom nie.

## 13. ALGEMENE VOORWAARDES

13.1 Die verslapping of uitstel verleen deur die Naskoolsentrum aan die ouer/ouers, ten opsigte van die nie-nakoming van enige van die bepalings hiervan, sal nie die Naskoolsentrum benadeel om sy regte in terme hiervan onmiddelik uit te oefen nie.

13.2. Beëindiging van die skool se kant:

13.2.1. Gedrag

13.2.2. Betaling

13.2.3. Skool verlaat

13.3. Die ouer/ouers is ten volle verantwoordelik dat alle inligting verskaf aangaande die persoonlike besonderhede van leerders korrek is in alle opsigte. Dit is ook die ouer/ouers se uitsluitlike verantwoordelikheid om enige verandering hiervan die Naskoolsentrum skriftelik in kennis te stel.

13.4. Die ouer/ouers bevestig dat die bestuur van die Naskoolsentrum en die Beheerliggaam van tyd tot tyd dit nodig mag vind om sekere addisionele reëls en regulasies tot hierdie dokument toe te voeg volgens hulle absolute eie diskresie.

13.5. Die ouer/ouers is verantwoordelik vir enige skade van welke aard ookal wat deur die leerder berokken mag word aan enige eiendom of persoon van die naskoolsentrum, enige personeel of enige ander leerder of persoon wat die skoolterrein mag besoek tydens die leerder se bywoning by die Naskoolsentrum. Onmiddelike vergoeding sal op aanvraag deur die ouer/ouers gedoen moet word.

**NASKOOLHOOF** **SKOOLHOOF** **BL-VOORSITTER**

***BELEID HERSIEN: 22 MEI 2026**